

# BOEREGEWERE UIT TWEE VRYHEIDSOORLOË

Hulle is oud. Hulle dae van glorie is verby. Sommige van hulle is verroes en vol oorlogslidtekens. Tog hou hulle vir die leek en vir die kenner 'n bykans mistieke skoonheid, 'n onweerstaanbare bekoring in. Hulle word deur sommige vertroetel, deur sommige bestudeer en deur sommige uitgestal sodat ander kan deel in hulle ruwe aantreklikheid. Aan hulle, die Wessel Riegaart of Wessel Riekert — die 'Monkey Tail', die Martini Henry en die Mot-Mauser, het die Suid-Afrikaner sy roem as soldaat en as jagter te danke. In twee Vryheidsoorloë was dit die vaardigheid met die geweer wat aan die Afrikaanse burger roem besorg het. Dit is dus gepas dat aan hulle 'n plek in die Militêre Musea van die SAW gegun word en dat hulle vir 'n wyle uit die vergetelheid ontruk word.




Die eerste agterlaaier wat in Suid-Afrika gebruik is, is die beroemde Birminghamse Westley Richards-doppiegeweer van 1858. Van ongeveer 1865 word hierdie gewere in Suid-Afrika ingevoer en, sover bekend, deur die Oranje-Vrystaat in die Basoetoe-oorlog gebruik. Dit is ook die geweer wat soveel roem aan die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek tydens die Slag van Majuba (27 Feb. 1881) besorg het.





Die slot skarnier vertikaal na voor oop oor die loop sodat die sluitstuk soos die stert van 'n bobbejaan in die lug staan. Die papierpatroon word van agter gelaai en die swartkruitlading word deur 'n slagdoppie, wat deur die haan aan die buitekant van die geweer afgeslaan word, ontbrand. Die meer konserwatiewe burgers kon hierdie geweer ook as 'n voorlaaier gebruik deur slegs 'n metaalproppie en pluisie agter in die ontbrandingskamer te plaas.



Foto's van burgers na die Slag van Majuba toon duidelik dat sommige van hulle met valslot Westley Richards en ook met Winchesters gewapen was.



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za





By die Martini-Henry, wat in 1868 gepatenteer en in 1871 in gebruik geneem is, is die valslotbeginsel van die Oostenryker (volgens sommige bronne nie Oostenryk nie, maar Switserland) Frederich von Martini en die sewegroefloop van die Skotse geweersmid, Alexander Henry gekombineer — vandaar die naam.




Vir die Kommandant-generaal van die ZAR, genl Piet Joubert, het die Martini-Henry 'n besondere bekoring gehad. Selfs toe hy al bekend was met al die voortreflikhede van die Duitse Mauser, het hy nog volgehou om Martini-Henry's te bestel. By die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die twee Republieke gesamentlik oor 43 752 Martini-Henry's beskik. Vandag is hierdie gewere, deur Westley Richards vervaardig en 'OVS' of 'ZAR' gestempel, gesogde versamelaarstukke.






'n Ander weergawe van die Martini-valslot, is die Steyr (1884) die wapen van die Portugese weermag (1884-85), ook bekend as die Guedes.



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Gedwing deur omstandighede moes die Kommandant-generaal van die ZAR so gou moontlik na die Jamesoninval 5 000 gewere aankoop. By die firma Stein en Hunter het genl Joubert reeds vantevore 2 000 Guedes-gewere gekoop en nou was hulle weer bereid om so gou moontlik aan die ZAR se behoeftes te voldoen. By die uitbreek van die oorlog was daar 6 150 Guedes-gewere, vervaardig deur die Steyr-fabriek in Oostenryk, in die ZAR. Die boere het hierdie geweer die Ghiedie genoem. Dit het met 'n 8 mm staalkoeëlpatroon geskiet en was bekend vir sy akkuraatheid op lang afstande — daarom is die Ghiediemanne altyd na vore geroep wanneer op lang afstande geveg moes word.




Ongeag die Kommandant-generaal van die ZAR se liefde vir die Martini-Henry is hy later tog oorreed om die Duitse 7 mm Mauser aan te koop. Interessant om daarop te let dat die Mauser oorspronklik met 'n reguit slothandvatsel vervaardig was en dat die Kommandant-generaal hom bereid verklaar het om die geweer aan te koop mits die handvatsel omgebuig word tot teen die houtlaai sodat dit nie die burgers kan beseer nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Drie tipe Mausers is deur die Boere gebruik, nl. die vollaai- reguitkolf- langgeweer, die korter ligter karabyn en die sport- of jaggeweer met halflaai en agtkantige loop.

Verskillende fabrieke het meegewerk om die Boere se bestelling uit te voer. Op die slot staan gewoonlik Mod. Mauser 1895 (of 1896) Ludw Loewe & Co Berlin. So ontstaan dan ook die bekende bynaam MOT-MAUSER. Die laaste foto toon duidelik dat sommige burgers baie vrye tyd te velde gehad het.

